

28 Augustus 2023

**AANDAG:  
Redakteur  
Media Kollega**

Beste Media Kollega

**INTERNASIONAL FETALE ALKOHOL SPEKTRUM AFWYKING (FASA) DAG: 9 SEPTEMBER 2023**

Die aangehegte persverklaring en bykomende inligting het betrekking:

Ek is seker u is bewus van Internasionale FASA Dag wat sedert 1999 internasionaal op 9 September herdenk word.

In die aangehegte dokument, getiteld "Hoekom Internasionale FASA Dag" sal u meer inligting oor die dag en die geskiedenis daarvan vind.

Die aangehegte persverklaring bevat inligting wat u mag interesseer en wat u bruikbaar mag vind.

Oorweeg dit asseblief om ons te ondersteun om mense bewus te maak van die verwoestende gevolge van alkoholgebruik tydens swangerskap en FASA. Deur sodanige gemeenskaplike bewusmaking kan ons meewerk om te voorkom dat nog meer babas met hierdie lewenslange, ongeneeslike, maar totaal voorkombare toestand gebore word.

Neem asb die vrymoedigheid om my te kontak indien u nog inligting benodig of 'n onderhoud wil doen.

Dankie vir u waardevolle ondersteuning!



**DR LEANA OLIVIER  
HUB**